# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***4/22***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

***Van die Komitee***

Die komitee het sy laaste formele vergadering van die jaar op Saterdag, 12 November gehou. Voorsitter Alex het benadruk dat daar 'n dringende behoefte aan 'n Tesourier ontstaan het, omdat ons lid Calla Wessel om gesondheidsredes nie met die taak kan voort gaan nie. Ons het ook 'n komiteelid met regskennis nodig om ons met die inligting en advies vir die bevordering van bewaringsprojekte te help. Daar kom byvoorbeeld vrae op soos: In watter opsigte en tot watter mate word die Erfeniswet in Kasteel de Goede Hoop oortree? Of: Watter Handelswet word oortree wanneer 'n produk met 'n vals etiket verkoop word, soos wanneer 'n uitgewer pseudo-geskiedenis as 'nie-fiksie' bemark? Belangrike datums is vasgestel. Die komitee vergader weer op 11 Februarie 2023. Ons 28ste Algemene Jaarvergadering vind plaas op 25 Maart 2023. Teken asseblief vroegtydig die datum aan. Verskeie lopende bewaringsprojekte vir die komende jaar is bespreek. Onder andere is dit aanstaande jaar die 250ste herdenking van Wolraad Woltemade se amper vergete heldedaad, voor dagbreek op 1 Junie 1773. Ons het 'n paar planne in werking gestel om dit behoorlik te herdenk, waaroor ons lede sal inlig soos die plan ontwikkel. Ander goeie nuus in dié verband is dat ons lid Yolanda Lindeque Strauss se droom om 'n film en 'n dokumentere video oor Woltemade te maak, begin vorm kry.






**Foto's:** Mitford-Barberton se standbeeld van Woltemade, Woltemade Medalje en Gedenkkoevert, 1973.

***Lesing: Die VOC in die Suid-skiereiland***
Om 10:30 op Saterdag 26 November praat Dr Alberta van Rooyen by SASNEV oor die VOC se aktiwiteite in die Suidelike skiereiland, wat buiteposte soos Wittebomen, Baasharmenskraal en ’t Rietveld insluit, asook *’t Compagnies Houtveld* by Buffelsvallei (Tokai) en die groot natuurlike vleie, waaronder Diepevlei, Rondevlei en Zeekoevlei – maar waar is Prinsesvlei, en wat van die nuwe ‘Koina’ legende oor ’n wenende prinses? Sien u daar. Bring die kinders. Almal welkom.

***‘Smee jul swaarde tot ploegskare’***
Ons lid Johann Mostert van Malmesbury het vasgestel dat die intimiderende kanon wat voor die munisipale kantoor gebou op Moorreesburg uitgestal word, ’n VOC-seinkanon is wat histories op die plaas Kanonkop buite die dorp behoort te wees. Johann het die belangstelling en samewerking van die plaaseienaar verkry, sodat die kanon op ’n korrekte affuit bo-op die kop terug geplaas sal word, met Bewaring, Opvoeding en Toerisme as oogmerk. Op 19 Oktober het ons Stigting met Me. M Terblanche, die Swartland Munisipaliteit se Uitvoerende Bestuurder en Raadslid M van Zyl oor die vervanging van die kanon beraadslaag. Daar is besluit om die kanon met ’n outydse ploeg te vervang. Dit is uit erkenning vir die arbeid van die Swartlandse graanboere en hul plaaswerkers, wat al vir eeue lank die Wes-Kaap se brood op die tafel plaas.





V.l.n.r.:Madelaine Terblance, Marlene van Zyl, Dan Sleigh, Johann Mostert
Munisipaliteit Swartland, Woensdag, 19.10.2022

**Foto:** R Rode

***Produkte van die Tracing History Trust***
Dr H Liebenberg van die Tracing History Trust (THT) het gevra dat ons aan ons lede bekend maak dat verskeie VOC-dokumente uit die Wes-Kaapse Argief in geskandeerde, digitale formaat by die THT te koop is. Die dokumente behels Resolusies van die Politieke Raad, Dagregisters, Boedelinventarisse, Monsterrolle, Bandietenrolle, Korps Pennistenrol en Vryboeklyste. Korrespondeer asseblief direk met Dr Liebenberg by < helena@taaloord.co.za> oor die aanbod. Let op dat Stigting VOC nie betrokke is by THT se werk nie en geen waarborg kan gee insake die geadverteerde produkte nie. Ons maak dit bekend ter wille van Opvoeding in VOC-sake.

*Collectors' Corner*





**Foto's:** Dr M. Barter

Links: '*Op heeden den 6 December 1747 werd met voorkennisse van den Ed. Heer Gouverneur en volgens besluijt van den E. Agtbaren Politiquen Raad de dato 18 April deeses jaars dit neevens staanden stuk bouwland aan dies Jeegenwoordige besitter de Burger Lieutenant Johannes Meijndertsz Kruijwagen, op desselfs gedaan versoek, onder de selfde conditien, als daarbij staan vermeld weeder voor den tijd van vijfthien agtereenvolgende jaaren in Erfpagt vergunt, en bij deesen gecontinueerd, ingaande met den 1 September deeses Jaars.*
*(get.) JP Slotsboo Eerste Gesworen Clerk*
*Daa*r onder:
*Ontvangen van Sr. Cruijwagen agt en een halve Rijxd. vervalt den 1 Sept.1748; W. Kerkhoff* (kassier).

Bostaande dokument (*recto & verso*), wys dat die VOC nie net in Oosterse goedere handel gedryf het nie, maar ook 'n behoorlike burgerlike administrasie bedryf het. Dit is 'n amptelike kwitansie vir die ontvangs van 'n jaarlikse *recognitie* van agt en 'n halwe ryksdalers op erfpaggrond, van die jaar 1747 af tot 1776. Die stelsel van '*erfpagt*' het meer as veertig jaar tevore (1732) op Here XVII se bevel in gebruik gekom. Burgers kon die plaaslike regering vra om 'n toekenning van meer grond, aangrensend aan hul eie. Die toekenning was altyd vir 'n tydperk van 15 jaar, teen betaling van 2 ryksdalers per morg. [C 27 Resolusies van die Politieke Raad, 18.2.1732, pp.35-48. MK Jeffreys (red.): *Kaapse Plakkaatboek deel II*, p.151.] As die aansoek goedgekeur is, is die grond opgemeet en het die aansoeker 'n erfpagbrief met 'n kaart ontvang, teen betaling van '*een zeegel van 8 schellingen*.' Op dié seël was die VOC-logo en die bedrag geëmboseer.

Jan Meijndertsz Cruijwagen het op 2 Oktober 1732 in erfpag ontvang a)29 morg 562 vk roede by Klein Stinkrivier, b)13 morg 375 vk roede by Rooseboom, en c) 3 morg 336 vk roede by Maastricht. Al drie plase was in die Tygerberg. [C 27 Resolusies van die Politieke Raad, 2.10.1732, p. 256.] In 1747 het hy nog 'n erfpagkontrak aangegaan, soos bostaande dokument

aantoon. Maar die datum '18 April 1747' wat in die dokument genoem word is foutief; die Resolusie van daardie datum bevat geen inligting omtrent die toekenning nie. Die grond wat op 13 Oktober 1747 aan Cruijwagen toegeken is, was St Helenafontein en Karssefontein op die Bergrivier. Laasgenoemde plaas is Kersefontein, waar ons Stigting op 30 Augustus besoek afgelê het. U sal die datum 1747 op die plaas se wit hekpilare onthou. [C122 Resolusies van die Politieke Raad, 13.10.1747, pp.431- 437.]

Die reël 'Ontvangen van Sr Cruijwagen agt en een halve Rijksd.' word jaarliks herhaal, tot 1762, wanneer die eerste termyn verstrek en weer deur TC Rönnenkamp, Eerste Gesworen Clerq, vernuwe word, verwysend na ’n Raadsbesluit van 11 Mei 1762, wat dit magtig. Opeenvolgende kassiere teken nog vir ontvangs van die *recognitie* tot aan die einde van die bladsy (1776). Daar was moontlik 'n tweede bladsy, waarop inskrywings voortgesit is. Dink net vir hoeveel jare dié dokument heen en weer Kasteel toe en terug gedra is. En dit bestaan steeds.

***TC Rönnenkamp – Arbeid onbeloon***

Tobias Christian Rönnenkamp, wie se swierige handtekening in die amp van Eerste Geswore Klerk op die agterkant van die bostaande dokument verskyn, is in 1730 in Hamburg gebore. Hy het in 1754 as soldaat in die Kaap gekom, en is in dieselfde jaar eers tot korporaal en daarna tot garnisoenskrywer bevorder. Die volgende jaar word hy assistent (klerk) en in 1757 senior geswore klerk met die rang van boekhouer in die kantoor van die Politieke Raad. In 1762 word hy bevorder tot onderkoopman, en in 1778 word hy sekretaris van die Weeskamer. Sy gereelde bevordering wys dat hy ’n bekwame, getroue en harde werker was. In 1784 word hy tot lid van die Kaapse Politieke Raad verkies, maar Here XVII weier om dit te bekragtig omdat Rönnenkamp ’n lid van die Lutherse Kerk was. Dié diskriminasie geskied terwyl ’n Lutherse gemeente al van 1779 af in Kaapstad toegelaat is, en ’n Luthersgesinde, Hendrik Swellengrebel reeds in 1724 op die Politieke Raad, en daarna ook Sekunde, Goewerneur en Admiraal van die 1751 retoervloot was. [J.Hoge (red.): *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1795*. Argiefjaarboek, 1946, pp.344.]

***Oorlog en ongelijkheid. Een inclusieve geschiedenis van de Gouden Eeuw***

Hoe kon de Republiek in de zeventiende eeuw almaar rijker worden terwijl ze verwikkeld was in een bittere oorlog? Marjolein ’t Hart laat zien dat het te maken had met de Hollandse koopmansgeest en met organisatietalent.

Volgens sommigen kan dit boek niet deugen, omdat in de ondertitel het omstreden begrip ‘Gouden Eeuw’ voorkomt. Volgens hen was de zeventiende eeuw een Grauwe Eeuw, gekenmerkt door slavenhandel, kolonialisme, en uitbuiting en onderdrukking van het grootste deel van de bevolking. Aan de andere kant van het politieke spectrum gruwen ze van het woord ‘inclusief’, dat modieus ‘wokisme’ doet vermoeden. Beide kampen hebben ongelijk.

In *Oorlog en ongelijkheid* maakt Marjolein ’t Hart, emeritus hoogleraar geschiedenis, duidelijk dat zich rond 1600 in de Republiek der Verenigde Nederlanden een economisch wonder voltrok. Ze citeert een Engelsman die reeds in 1592 stomverbaasd was: ‘Eén ding kan ik niet begrijpen: hoe deze provincies, die zoveel belastingen betalen, die tegen een zo machtige vorst oorlog voeren, dat zij toch zelfs in de hitte van de strijd (…) veel rijker zijn geworden, rijker dan elk ander naburig land dat in vrede leeft, en rijker dan dat zij zelf vroeger ooit in vredestijd zelf zijn geweest.’

Oorlog was rampzalig, als altijd. Machthebbers raakten bankroet, oogst en infrastructuur werden vernietigd, handelsroutes werden verstoord, plunderende soldaten en hongersnoden teisterden de bevolking, en ga zo maar door. En toch kon de Raad van State in 1637 constateren: ‘De oorlog die voor andere landen ruïneus is, heeft deze Verenigde Nederlanden gesterkt tot vermeerdering van handel, rijkdom en macht.’

Volgens ’t Hart was dat mogelijk doordat de gewesten die in 1568 in opstand kwamen tegen Filips II hun troepenmacht efficiënt organiseerden. De financiering ervan berustte op een breed gedragen staatskrediet en de logistiek van de oorlogvoering werd verregaand gecommercialiseerd. De oorlog bleek hier een succesvol businessmodel.

In dit heldere, voorbeeldig gedocumenteerde boek beschrijft ’t Hart niet alleen in detail hoe dit mogelijk was, maar schenkt ze tevens veel aandacht aan de schaduwkanten ervan. Het ‘inclusieve’ van haar geschiedenis bestaat eruit dat ze de ontwikkelingen vanuit verschillende perspectieven bekijkt, en ook signaleert welke groepen minder profiteerden van de economische groei of er zelfs op achteruitgingen. Dat waren over het algemeen katholieken, boeren, vissers en lagere middenklassen in de steden. En de groei concentreerde zich bovendien vooral in Holland en Zeeland, omdat door het ontstaan van de Republiek de handelsnetwerken van de oostelijke provincies met de Duitse landen verstoord raakten. De immense economische rijkdom, die gepaard ging met een enorme culturele bloei, werd zeer ongelijk verdeeld en maakte de verschillen tussen rijk en arm, tussen kustprovincies en de rest, tussen stad en platteland, veel groter. *Resensie geneem uit Historisch Nieuwsblad webwerf.*

***Die Liesbeeckrivier hofsaak***


Regter P. Goliath se hofuitspraak wat Amazon se ‘ontwikkeling’ in die driehoek tussen die Liesbeeck- en Swartriviere in Maart 2022 tot stilstand gebring het, is op 8 November vanjaar in die Wes-Kaapse Hooggeregshof ongeldig verklaar. Daar gaan min van die groen vleiland oorbly. Dit is geleë naby die bakermat van Europese nedersetting en VOC-aktiwiteit in die Kaapse Skiereiland, binne sig van die drif in die Brakkerivier en die buiteposte Keert de Koe en Ruiterwacht I en II.


***Replika?***

In ’n vorige *Generale Missive* het ek geskryf oor die gewildheid van VOC-toerisme in Oosterse lande waar die VOC vroeër gesetel was, soos in Sri Lanka en in Japan, waar die regering die VOC- ‘eilandjie’ Desjima in die baai van Nagasaki huis vir huis herbou het, met toerisme as doel. Hier by is ’n foto van ’n replika van die oosindievaarder *Prins Willem* onder Japanese vlag, in 1985 van staal gebou en by die nuwe Desjima vasgemeer vir die publiek om te geniet. Maar dié teks gaan eintlik oor die woord ‘replika.’ Tegnies is ’n replika ‘ *’n kopie van ’n kunswerk, deur die kunstenaar in sy eie ateljee gemaak.*’ In die geval van VOC-skepe is so-iets onmoontlik, en dit sal meer korrek wees om van ‘rekonstruksies’ te praat. Die woord ‘replika’ is al reeds in geburger. [ E.Spits: *Attractie of Wetenschap*? In R.Daalder e.a. (reds): *De Ontdekking van de Wereld.* Amsterdam, 2003.]



***’n Onbekende teken***
Ons lid Colin Johnstone het die foto hier onder van ’n kanon gemerk met die VOC logo en die letter I (moontlik J) daar bo, op internet gevind. Dit is die eerste keer dat ek dié letter teen kom. Kan enigeen asseblief help met inligting oor watter Kamer of kantoor met die letter I (of J) bedoel word? Of is dit ’n vervalsing?






***Nuwe VOC-geskiedenis.*** *(foto bo)*
’n Resensie deur Jonathan Amil van die nuwe VOC-geskiedenis *Wieg* (Litera, 2022) deur Joan Kruger het in *Die Burger* van 14 November 2022 (p.11) verskyn. Nuwe inligting uit die VOC-tyd is altyd welkom. *Wieg* is ’n biografie van Marie Buisset (1679-1751). Sy was ’n Franse Hugenoot, die stammoeder van die Du Plessis-familie in Suid-Afrika, ’n vrye vroedvrou in die distrikte Stellenbosch en Drakenstein (nie ‘*eerste vroedvrou*’soos die resensie sê nie) en later amptelike, geswore vroedvrou op die VOC se monsterrol vir diens in Kaapstad en omstreke. Die resensent wys op die knap taalgebruik en leesbaarheid, ook dat die werk histories deeglik verantwoord is uit primêre en sekondêre bronne en geen moderne pseudo-geskiedenis is nie. Die teks bespreek sewentiende en agtiende medisyne, mediese praktyke, moraliteit en bygeloof. Daarby, sê hy is dit ’n ‘feministiese teks.’ Ginekologie is ’n rare onderwerp vir ’n VOC-geskiedenis, maar dit vul ’n leemte in die Groot Verhaal. Marie Buisset wat as jong en arm vlugteling aangekom en deur volgehoue arbeid oorleef het, het in haar tyd intiem met Lewe en Dood omgegaan, met pas geborenes en sterwende jong moeders, maar ook ’n verkragter wat as gevolg van haar mediese getuienis aan die galg geswaai het. [Dank aan Dr HM Scheffler vir ’n kopie van die resensie.]

*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
20 November 2022